

Skriflesing: Openbaring 3:7-13Teks: **Openbaring 3:8**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 68:2****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:9; Ps. 138:1,4; Ps. 89:1,7; Sb. 15-7(43): 1,7; Ps. 134:4****Openbaring 3:7-13**

Rev 3:7 Skrywe aan die leraar van die gemeente in Filadelfia: So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie:

Rev 3:8 Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. **Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie.**

Rev 3:9 Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg – kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet.

Rev 3:10 Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Rev 3:11 Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie.

Rev 3:12 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe.

Rev 3:13 Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Skriflesing: Openbaring 3:7-13Teks: **Openbaring 3:8**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 68:2****TYDENS EREDIENS: Ps. 68:9; Ps. 138:1,4; Ps. 89:1,7; Sb. 15-7(43): 1,7; Ps. 134:4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend is ons getuies van 5 jonge dogters wat

belydenis van hulle geloof wil aflê. Dit is 'n groot stap in 'n jonkmenslewe. Dis groot dinge wat belowe word in ons eie lewens wat baie keer só klein voel en en dit mag selfs ook voel dat ek te min krag het. Die vraag of ons werklik uit onself genoeg krag het om dit wat ons vóór die Here gaan belowe, na behore na te kom. Niemand sal dit uit haarself kan nakom nie. En daarom het ons ook geen ander keuse as om dadelik te erken en te bely- om voor die Here te sê – Ek het te min krag, maar nou het ons vandag uit die mond van die Here gehoor dat Hy oor 'n gemeente dieselfde sê- Dis so aangrypend as die Here vir hierdie gemeente van Hom in die stad Filadelfia ook sê wat Hy wat die Here is vandag ook vir julle wil sê- **EK WEET, JA, EK KEN JOU WERKE, EK WEET DAT JULLE MIN KRAG HET.**

Vir die Here se kerk in Filadelfia wil dit voorkom die Here spreek rondom drie werklikhede ... Ek weet dat julle min krag het, maar julle moet aan my boodskap vashou en my Naam nie verloën nie. Drie besondere dinge wat tot julle wat belydenis van geloof wil aflê moet spreek, maar natuurlik moet dit tot ons almal kom.

Dis asof die Drie-enige God dit 'n drie maal drie werklikheid wil maak, Ons praat van drie dinge, drie besondere waardevolle kenmerke waarmee die Here sy kerk in Filadelfia mee wou uitsonder, maar dan staan hierdie drie dinge in die verband van drie beelde wat die Here in Filadelfia gebruik het, wat vir julle wat julle geloof bely ook moet aangryp.

Die drie beelde wat die Here gebruik is eerstens die beeld van 'n sleutel. Dan praat die Here ook van 'n deur. En daarby praat die Here van sy kerk in Filadelfia ook van 'n pilaar. Ons hoofgedagtes is eerstens dat al weet die Here dat julle min krag het, wil die Here steeds sy sleutelmag ook deur julle uitoefen. Dit is ons eerste gedagte. Ons tweede gedagte is laat die bewaring van die Here se Woord nog altyd vir julle wat julle geloof bely die oop deur wees wat die Here vir sy kerk oopmaak. Ons laaste gedagte is die feit dat Filadelfia nie Christus se Naam verloën het nie, moet vir ons as kerk die pilaar wees waarop alles rus! Eerste dan -

Die kerk het min krag terwyl die Here steeds sy sleutelmag hier uitoefen:

Die kerk wat ons in Filadelfia van lees het min krag, al was die kerk deel van 'n stad met baie mooi betekenis. Die woord *Filadelfia* het juis uit die Grieks die mooi betekenis van *broederliefde*. As ons vandag in die deel van Asië kom waar hierdie kerk geleë was dan is daar 'n klein Turkse dorp wat hulle noem Alashir. Dis bergagtige wêreld, waar wingerde en die natuurskoon baie indrukwekkend is. Dit herinner sterk aan hoe die Boland in Suid-Afrika lyk. Filadelfia en ook vandag Alishir was nooit 'n digbevolkte stad nie. Daar kom in die deel van die wêreld baie aardbewings voor wat gemaak het dat die stad nooit dig bevolk was nie. Soos bv. in 17vC was die plek deur 'n aardbewing heeltemal plat gegee. Voortdurend was die stad aan dieselfde gevaar onderworpe gewees. Dit het baie mense bang gemaak om nie daar te bly nie.

Al dra die stad die mooi betekenis van *broederliefde* was dit nie asof die kerk in hierdie besondere betekenis kon deel nie. Dit was op geen wyse 'n christelike stad nie. Trouens dit is die stad wat gemaak het dat dit lyk of die gemeente is eintlik maar somer so 'n gemeente wat lyk of dit kreppeer. Die gemeente was beslis nie in die oë van die stad 'n groot en indrukwekkende gemeente nie. Ons kan aanvaar daar is baie op hulle neergesien. Ja, die kerk is vervolgd en het swaar gekry vanweë die vervolging. Inderdaad het dit op die oog af gelyk hulle het maar min krag.

Die feit is, die christene vandag, die kerk in die wêreld, ja ook ons as gelowiges in die Gereformeerde Kerk Postmasburg, (watter verskil kan hierdie 5 jongmense nou eintlik maak?!) In die wêreld se oë lyk ons dalk maar ook soos 'n gemeente wat so klein geword het, baie sal wil vra, het hierdie kerk nog enige krag, het hierdie kerk in die wêreld se oë nie ook maar min krag nie. Vir Filadelfia wat genoem word die gemeente met die min krag is daar egter 'n doelwit wat nie deur mensekrag of indrukwekkende marmergeboue bereik word nie. Filadelfia, die stad het pragtige wit geboue gehad, van marmer gemaak, maar die kerk se krag lê nie in geboue nie, ook nie in getalle nie.

Laat ons dit herhaal, ons het die afgelope week verkiesing gehou, die wêreld dink in terme van getalle, demokrasie werk met getalle, in die kerk mag getalle nooit die bepaler van krag wees nie. Dit kan dit nie wees nie! 'n Mens wat besef ek het min krag is juis vir die Here kragtig. Het die Here nie vir Paulus met die doring in die vlees dit so mooi wou onderstreep. Paulus het vanweë hierdie doring in sy vlees sy min krag ook bely. Dan verseker die Here hom, wanneer jy swak is, dan is Ek sterk. Verder sê die Here ook vandag vir ons- My krag word in julle swakheid volbring.

En dit waarmee God voortaan vir julle as belydende gelowiges wil uitken is die feit dat in die kerk 'n sleutelmag aan die werk was wat nie met mensekrag vergelyk kan word nie. Die Here sê in vers 7 - *So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie...*

Hierdie kerk in Filadelfia kon Christus hoor sê ... *julle het die sleutel van Dawid*. Vandag wil die Here ook vir julle wat julle geloof gaan bely 'n baie uitsonderlike sleutel in die hand lê. Die Here sluit nou ook onder andere sy sakramente vir julle oop ... julle mag ook oor 2 weke Nagmaal vier. Ons besef in die dae toe hierdie brief aan die gemeente geskryf was, was sleutels nie so 'n alledaagse gebruik item soos vandag nie. Nie alle huise het sleutels gehad nie! Net konings en belangrike mense het sleutels gehad wat gewoonlik so 'n groot sleutel was. As iemand 'n sleuteldraer vir 'n koning moes wees dan was dit 'n baie belangrike en

verantwoordelike werk. So iemand moes sorg dat daar net mense ingelaat mag word wat die koning werklik naby hom wou hê.

Nou besef ons die fisiese kerkgebou of saamkomplek in Filadelfia het heel waarskynlik geen gewone sleutel gehad nie, geen item waarmee deure oop-en toegesluit kon word nie, maar tog gaan dit in die kerk om 'n belangriker sleutel as om by 'n deur in te kom. Die sleutel wat die Here vir hierdie kerk van Hom gegee het, was om God se deur na Jesus Christus oop te sluit. Op 'n besondere wyse het God reeds die sleutel in julle lewe laat werk, die pad na Christus is reeds vir julle oopgesluit!

Inderwaarheid gaan dit om by die poorte van die nuwe Jerusalem in te kom en daardie sleutel het die kerk alreeds! Die sleutel van Dawid wat ons in vers 7 van lees is die vervulling van die koningskap wat Dawid. In Jesaja 22:22 word daar alreeds van Dawid se sleutelmag geprofeteer wat sy koningskap beskryf. In Jesaja weet ons was die sleutels aan Dawid se dienskneg, aan Eljakim gegee en dan sê God deur sy profeet Jesaja - *22 Aan hom sal Ek die sleutels van die koning se huis gee; wat hy oopsluit, sal niemand toesluit nie, wat hy toesluit, sal niemand oopsluit nie.* Christus is die finale vervulling van hierdie profesie wat nou 'n ewige Koning is - Christus is die Waaragtige, Hy is die Heilige wat *nou die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie en Hy sluit en niemand maak oop nie.*

Al sê mense vir ons as Kerk in Postmasburg, julle het min krag, of sal julle wat vandag julle geloof bely, dalk ook iewers hoor, ag watter krag het julle nou, wat beteken dit eintlik dit wat vandag hier gebeur. Ons almal mag weet, die sleutel wat hier werk is nie van ons menslike krag afhanklik nie, maar Christus hanteer die sleutelmag. Watter troos om dit te mag weet! Al het die kerk min krag oefen God steeds sy sleutelmag deur Jesus Christus uit. Die mag en die gesag en die krag om dit te doen, is Christus aan die werk. Hy wat aan die regterhand van God is, Hy het dit reeds vir hierdie gemeente duidelik gemaak ek sluit vir julle die pad na God toe oop en niemand kan dit weer toesluit nie, al sal julle eie kragte heeltmal ingee.

Die troos wat dit vir jou as jong gelowiges in die kerk van Jesus Christus gee, is die sekerheid as daar aan jou gevra word ... is daar 'n toekoms vir hierdie Kerk, dat ons mag antwoord, ons is

dankbaar ons hoef nie oor ons eie toekoms te besluit nie. Die Here besluit daarvoor, Hy wat die sleutel van Dawid het, Hy sal bepaal hoe lank en wat my besondere plek ook in die Gereformeerde Kerk Postmasburg sal wees. Soos baie mense vir hierdie ou klein kerkie in Filadelfia geen toekoms meer kon insien nie, geen lidmaat in Filadelfia was mense van aansien, ryk en belangrik nie, tog het die Here vir hulle die poort oopgesluit wat geen mens, hoe magtig, hoe invloedryk, hoe ryk enige mens ook mog wees, sou niemand kon oopsluit dit wat God reeds vir hulle in Filadelfia oopgesluit het nie. Die Here het sy sleutelmag in Filadelfia uitgeoefen soos wat God dit hier in die Gereformeerde Kerk Postmasburg altyd sal bly doen, want het die Kerk in Filadelfia ook 'n tweede besondere beeldryke toevoeging ontvang. Vandag ons tweede gedagte -

Mag die bewaring van die Here se Woord nog altyd vir julle as jong gelowiges en vir ons almal hier vandag die oop deur wees wat die Here vir sy kerk oopmaak:

Die Here het van Filadelfia gesê- *Julle het min krag, en tog het julle aan my boodskap vasgehou ...* In vers 10 lees ons weer van hierdie besondere bewaring wat rondom God se Woord gesentreer staan: *10 Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.*

Die bewaring van God se Woord is die wyse waarop God vir sy kerk deure oopmaak. Die Here het dit ook in vers 8 al gesê- *Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie.* Weereens God ken sy kerk, Hy ken ook ons werke, Hy ken julle wat vandag belydenis van julle geloof wil doen en daarom sê God vir hierdie kerk in Filadelfia, dit gaan nie net oor die sleutel wat kon oopsluit nie, maar die deur is reeds oopgesluit – ek het vir jou 'n geopende deur gegee en niemand kan dit sluit nie. Ook nie julle vyande nie. Hier praat die Here ook weer openlik van sy ware Kerk se vyande, wat ander mense as belangrik beskou maar dit is Jode wat nie God se Woord bewaar het nie. Trouens hulle gee voor hulle is die groot bewaarders van die Woord maar die Here ken hulle as vyande van die ware Kerk ... *9 Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg – kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet.*

Dit is 'n tragiese ironie, want die naam Jood afgelei van Juda beteken letterlik om God te loof, maar die Jode in Filadelfia het juis die gelowiges in Christus vervolgt. Hulle het die gemeente sy laaste krag wou ontnem, hulle wou deure vir die gemeente toemaak, maar hoe dankbaar kan die ware gelowige dit hoor, dit is juis ons bewaring van God se Woord wat deure vir ons oopmaak. Hulle kom kamtig vanaf die sinagoge, waar hulle sê hulle God wil dien, maar Christus noem hulle sinagoge van die Satan. 'n Harder beskrywing kon die Jode seker nie hoor nie, maar Christus noem hulle inderwaarheid die vernietigers van sy Woord, alles behalwe mense wat sy Woord bewaar het.

Die ware Jode in Christus se oë, die werklike bewaarders van sy Woord is daardie klompie gelowiges in die kerk in Filadelfia. Nie talryk nie, nie magtig nie, hulle beïndruk geen mens nie, maar tog was hulle standvastig en getrou. Daar was liefde, daar was toewyding. Dit is die eienskappe wat kan maak dat ek God se Woord bewaar. Mag julle as jong gelowiges in Christus ook altyd aan hierdie eienskappe bly vashou. Eienskappe wat daartoe lei dat God vir sy Kerk deure oopmaak. Juis as gevolg van hierdie gemeente in Filadelfia se swaarkry en lyding, ja hoe andere op hulle neergesien het, het Jesus vir hulle deure oopgemaak. Jesus sê dan ook vir hulle – ons lees in die ouer Vertaling- *Omdat julle geduldig is en in die swaarkry volhard het, gee Ek vir julle 'n geopende deur.*

Dit moet ons almal as belydende gelowiges vandag ook weer aangryp. As God deure toemaak dan maak Hy wat God is ook weer nuwe deure oop. Toe deure in jou en my lewe kan baie dinge beteken. Dinge wat jou seermaak, dit wat die lewe vir jou swaar maak, maar wees as kerk geduldig. Jesus leer ons wanneer ons in ons swaarkry geduldig is en ons bly op Hom vertrou, dan sal Hy ook weer vir ons nuwe deure oopmaak. God gebruik eintlik toe deure om daarmee nuwe deure oop te maak. Tog is die enigste wat by die nuwe deur mag geld dat ek steeds God se Woord sal bewaar.

Hierdie bewarende Woord wat my bewaar daarom moet ek ook die Woord bewaar, dis die Woord wat my help om my mislukkings reg te hanteer. In die Grieks is daar 'n uitdrukking wat in die Grieks so mooi klink ... *pathemata mathemata* ... Al wat hierdie uitdrukking sê is dat swaarkry is lesse. Lesse wat daardie mense uit die sinagoge nie wou leer nie. Daarom het hulle

eintlik meer 'n sinagoge van Satan geword en was hulle lankal nie meer sinagoge van die ware God nie. Hierdie ou klein kerkie in Filadelfia is nou vir God die ware kerk, die eintlik sinagoge, die eintlik Jode is hulle wat uit die swaar van die lewe bereid is om ook lesse te leer. Hulle was tot die *pathemata mathemata* in staat. Hulle bewaar God se Woord ook in die swaar lesse wat hulle al in die lewe moes leer.

Kom ons ten slotte by die derde beeld uitkom wat by Filadelfia ook gebruik was. Daar word van 'n sleutel gepraat, daar word van 'n deur gepraat, maar daar word ook na 'n pilaar verwys - vers 12- ... *12 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly.* Ons laaste gedagte is dan ook -

Om Christus se Naam nie te verloën nie, moet vir ons die pilaar wees waarop alles rus!

Ons het vroeër daarna verwys hoe Filadelfia in 17vC heeltemaal deur 'n aardbewing platgevee was, en in die jaar 95nC toe Openbaring geskryf was, toe was daar weer 'n groot aardbewing. Terwyl Johannes nog gelewe het en hy as ouman hierdie openbaring ontvang het en aan die skrywe was, was hulle besig om die stad weer te herbou. Ons kan ons voorstel soos mense besig was om te herbou het hulle aanmekaar gesê ons moet onder ons geboue nog meer pilare insit om die geboue sterker te maak.

Tog is dié werklike pilaar waarop alles vir die kerk van die Here op moet rus eintlik net één so 'n groot pilaar nl. om die Naam van Christus nie te verloën nie. Dit wat die Here reeds aan die gemeente toegesê het- julle het min krag, maar julle het my Woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

Mag dit ook die pilaar vir julle as jong gelowiges bly, waarop alles mag bly rus. 'n Pilaar is hier simbool daarvan wat vas is, dit skuif nie, dit kan 'n groot las dra, dit hou die gebou regop. Alles van toepassing op iemand wat Christus se Naam nie verloën nie. Mag Christus se Naam nooit hier verloën word nie! Dis so 'n groot troos as Jesus dit duidelik maak: *12 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe.*

Die Heilige, die Waaragtige, ja Hy wat Jesus Christus is, sê vir julle ook vandag dat elke gelowige wat deur Jesus Christus oorwin reeds 'n standvastige pilaar by God is. Al word jou lewe ook rond geskud soos wat Filadelfia deur baie aardbewings al rond geskud was, maar die mens wat in Christus is en hy/sy Christus se Naam nie verloën nie, is 'n pilaar wat staande sal bly al is die aardbewings ook hoe erg!

Jesus wat sy kinders sy pilare maak is die mense wat groot druk enduit kan hanteer. Hulle dra die druk tot eer van die Here. Dan sê Jesus ook aan die gemeente dat Hy die Naam van God op hulle gaan skrywe. Dis asof ons Jesus dit met trots kan hoor sê dat saam met die Naam van God sal Hy ook die Naam van die stad op hulle skrywe. Hulle kan in die stad se poorte reeds gaan staan, want hulle het reeds die sleutel, hulle het reeds die deur wat vir hulle oopgemaak is, ja so bou dit op, hulle kan reeds wees die pilare waarop God se Naam en God se stad reeds opgeskrywe is. Die stad wat sal wees die nuwe Jerusalem, ja net 2X word die nuwe Jerusalem in Openbaring pertinent genoem en as die gemeente so direk met die nuwe verbind word, watter eer moes dit nie wees vir die kerk in Filadelfia nie. Die nuwe stad, die nuwe Naam word hulle reeds toegesê. Watter eer as dit met 'n Kerk en 'n gelowige gebeur wanneer God sy Naam op jou wil skrywe.

Mag daar altyd die volle waarheid van Filadelfia ook julle waarheid wees. Julle het reeds die sleutelmag ontvang, daar is 'n geopende deur, ja jou nuwe naam geskryf op die pilare van die Godstad saam met die naam van die nuwe Jerusalem. Daarom al mag dit voorkom ons het min krag, bewaar die Here se Woord en mag niemand die Naam van Jesus verloën nie.

AMEN